Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

14 Augustus 2026
Kw. 3 NUUSBRIEF 2



## Wys en Vertel

"Wys-en-vertel" is 'n lekker en leersame aktiwiteit. Dit het egter 'n bietjie ouerleiding nodig. Lees asseblief die onderstaande deeglik deur om uself te vergewis van wat dit behels.

## Kom ons Wys en Vertel

Dit is vir die kleuters baie lekker om iets vir die maatjies te kom wys en daaroor te praat. Party is nog 'n bietjie skaam, ander wil weer die hele tyd vertel. Daarom moet ons dit so 'n bietjie organiseer. Dit is amper soos 'n "mondeling" van die grootskool-maats, maar geen punte word toegeken nie. 'n Konkrete item is baie beter as 'n plakkaat of foto's. Elke kleuter gaan slegs één beurt kry om te wys en vertel. Die rooster sal deur elke klasjuffrou aan u deurgegee word.

*Dit begin in die week van 24 Augustus*, vir die res van die kwartaal.



**LET OP:**

- Die item waaroor vertel gaan word, moet verkieslik in die Tjokkiesak pas.
- Geen speelgoed, lewende hawe, troeteldiere of duur, waardevolle óf gevaarlike items mag saamgebring word nie. Let wel: Nié 'n speelding nie!
- Kies iets uit die huis of tuin wat kleuters sal interesseer of waarvan hul meer kan leer. Dit kan selfs iets eenvoudig soos 'n sif uit die kombuis, 'n besonderse klippie of 'n handgemaakte item wees. Daar was al in die verlede die oulikste vertellings, van pampoenpitte tot verestoffers!
- Hou by die kleuter se eie woorde en gee slegs leiding rondom enkele feite.

Die hele vertelling moenie langer as 2 tot 3 minute neem nie!

Hierdie is 'n belangrike deel van Graad R-kleuters se skoolgereedheid. Dit leer hulle om inligting en ware feite te bedink en weer te gee. Dit bou selfvertroue en leer hul ook om te luister en respek te hê vir 'n ander se vertelling.

Juffrou is deurentyd daar om te help of moed te gee waar nodig.

Ons Graad RR maatjies gaan ook in hul klassie iets kom wys; en net vertel as hul ook wil.

Ons sien daarna uit om te kyk én luister wat gewys en vertel gaan word!

# Akademiese Tema-week

Volgende week is akademiese tema-week waar ons in Graad R gaan fokus op die ontwikkeling van spesifieke aspekte van skoolgereedheid, terwyl Graad RR elke dag se tema op 'n eenvoudiger en meer infomele vlak gaan ervaar.

## Wat behels elke dag se tema?

### Mannetjie Maandag

Ons lê klem op ons lyfies waar leer begin. Aangesien dit op 'n Maandag is het u en u kleuter die geleentheid om oor die naweek 'n mannetjie uit enige afvalmateriaal te maak. Ouer en kleuter moet saam werk met hulpverlening van u kant af. Geen koste moet aangegaan word nie, wees kreatief met wat u het. Daar word nie punte toegeken nie, elke kletuer moet slegs Maandag sy/haar mannetjie vir die maats kom wys en sê waarvan dit gemaak is. Dis ook 'n goeie idee om vir die mannetjie 'n naam te gee!




### Dink Dinsdag



Ons doen Wiskunde uitgadings om die denke te stimuleer. Ons tel ook Smarties en versier 'n kolwyntjie.

### Woorde Woensdag

Voorbereidende lees-aktiwiteite word gedoen.



### Dans en spring Donderdag

Ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede, waarná ons soos springmielies gaan spring en ook springmielies eet!



### Verf Vrydag



Kom maak 'n prentjie saam met u kleuter!

Vrydagoggend, wanneer u kleuter skool toe gebring word, kan u saam met u kleuter 'n prentjie in die klas doen. Sorg dat u 'n bietjie vroeër kom, om vóór werk tyd hiervoor in te ruim.

Met aankoms in die klas neem u één bladsy waarop u en u kleuter sáám 'n prentjie doen. Daar sal tekenkryte en verf wees, ook prentjies om te knip en te plak, so die kunswerk gaan uit al bogenoemde bestaan. U neem die kunswerk dadelik saam met u omdat dit in die kleuters se tasse kan verniel.

So 'n prent is baie spesiaal, maar die band tussen ouer en kleuter tydens die maak van die prente is nog meer spesiaal. 'n Grootouer is ook welkom as mamma of pappa nie kan kom nie.

Tyd: Enige tyd tussen 7:00 en 9:00

*Laat die Picasso in u uitkom en geniet dit!*

# Lentedag



Hoe sien ons nie almal uit na die Lente nie!?

Ons Lentedag viering gaan op Vrydag, 4 September plaasvind.
(Nie op Dinsdag, 1 September nie.)

Vir Lentedag kan elke kletuer 'n snaakse hoed of snaakse hare opsit om die dag op te vrolik.  Kleuters bring slegs 'n kosblik soos gewoonlik, die skool verskaf iets lekkers.



Kleuters sal ook iets vir die tuin kan bring, meer inligting later.



## Verjaarsdag!



Beide Me Tsidi en Me Johanna verjaar in Augustus.  Om hul verjaarsdae meer spesiaal te maak, vier ons dit saam op Woensdag, 26 Augustus. Die kleuters sing vir hulle en ons oorhandig graag aan elkeen 'n "Geskenkmandjie". Daarvoor vra ons van elke kleuter om volgende week iets kleins van die huis af te bring, soos koekies, lekkers, toiletware, waslappies, vadoeke of soos u hart voel. Dit word baie waardeer.







**Personeel uitstedig**

Op Vrydag 28 Augustus, is die Kleuterskool personeel uitstedig, maar daar is steeds skool onder toesig van ons middagpersoneel en ons Smartee klas juffrou. Geen fomele onderrig sal gedoen word nie, dus mag kleuters tuis bly indien u dit so verkies.

Konsert 2026

# 30 JAAR

2 tot 5 November

**By Tjokkies Preprimêr hou ons elke jaar 'n kleuter konsert! Vanjaar is dit die dertigste jaar en daarom is ons opgewonde om 2026 se konsert aan te kondig:**

## 30 JAAR - VAN NOAG TOT NOU!

**Die konsert is altyd 'n hoogtepunt waarna groot en klein, oud en jonk uitsien. Ons poog om dit vir ieder en elk 'n spesiale geleentheid maak. Om so 'n produksie aan te bied behels baie reëlings, maak asseblief seker dat u op hoogte daarvan bly.**

## Konsertfooi:

'n Konsert deelname-fooi van R250 per kleuter (vir alle kleuters) word gehef. Dit behels dat u nie 'n kostuum hoef te voorsien of aan te koop vir u kleuter nie.

Die fooi sluit die volgende in:

Huur van kostuum en bybehore, dekor en grimering, 'n kleuter geskenkpakkie met 'n geskenkie en lekkernye vir elke kleuter.

*Betaling hiervan is reeds oop op Karri en sluit 16 September.*

## Konsertkaartjies:

Die toegangsfooi vir die konsert is R120 per persoon en R50 vir kinders 10 jaar en jonger. *Bespreking en betaling word op Karri gedoen en open op 1 Oktober om 5h00 en sluit op 22 Oktober om 23h00.*

Verdere reëlings volg volgende kwartaal.